

# Negester



# STERRELIG

Nuusbrief van Negester Klein-Kariba Huiseienaarsvereniging

Jaargang 4 No 4, April 2022



## Wysheid of Grysheid

Die volgende gedig wat ek vir julle wil voorhou, is al baie oor geredekawel, nie oor die gedig *per sy nie*, maar oor wie die gedig geskryf het. Baie mense hou vol dat dit Moeder Theresa was wat dit geskryf het, terwyl ander weer sê dat dit Kent M Keith was. Ek gaan nie hare kloof oor wie dit geskryf het nie, wat wel vir my belangrik is, is die woorde van die gedig. Ek is seker baie van julle ken dit of het dit aliewers gelees. Mag ek vra dat jy dit asseblief weer sal lees. Ek hou die weergawe van Moeder Theresa voor. Elke tweede sin van die gedig is in hoofletters, dit is net om die klem op die woorde te plaas, en ek haal dit aan net soos dit geskryf is; moet asseblief niks anders daarin lees nie. Vergun my asseblief om die gedig in Engels oor te dra, want indien ek dit vertaal, mag daar dalk iets verlore gaan.

### ANYWAY

People are often unreasonable, irrational and self – centered,  
FORGIVE THEM ANYWAY.

If you are kind, people may accuse you of having selfish ulterior motives,  
BE KIND TO THEM ANYWAY.

If you are successful, you will win some unfaithful friends and some genuine enemies,  
SUCCEED ANYWAY.

If you are honest and sincere, people may deceive you,  
BE HONEST AND SINCERE ANYWAY.

What you spend years creating, others could destroy overnight,  
CREATE ANYWAY.

If you find serenity and happiness, some may be jealous,  
BE HAPPY ANYWAY.

The good you do today, may often be forgotten,  
DO GOOD ANYWAY.

Give the best you have, and it will never be enough,  
GIVE YOUR BEST ANYWAY.

In the final analysis it is between you and God,  
it was never between you and them ANYWAY.

Komma, of 'n Punt.


Ria

### LAG 'N SLAG

#### Koue taal:

Juffrou: "Jannie, die taal wat jy praat gee my koue rillings."

Jannie: "Dan sal Juffrou verys as juffrou my pa hoor."



Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-e-pos word aan:


[sterrelig9ster@gmail.com](mailto:sterrelig9ster@gmail.com)



# Reënval

Maart 2022

Totaal 76 mm 7 Reëndae.



## Boer maak 'n plan

As sperdatums druk en Eskom en sonkrag nie vroeggoggend hulle bydrae lewer nie maak boer 'n plan om die sleutelbord te sien



## Wynvriende 6 April 2022

Ons tema is: PINOTAGE "Local is Lekker"



Soos gebruiklik word ons op hoogte gebring met die nuutste gebeure van ons groep en die nuus dat Boplaas Landgoed die gasheer/vrou gaan wees by die Junie wynproe-aand.

Daarna volg 'n kort inligtingsessie deur Gerhard Pretorius, wat bevestig dat Pinotage eg Suid Afrikaans is en gekweek is in Stellenbosch deur Professor Abraham Perold. Hierdie proses het begin in 1925, maar eers as wyn gepars gedurende 1935. Die oorspronlike variëteit was nie goed ontvang nie, met negatiewe kritiek ten opsigte van die reuk en smaak.

Wynmakers het oorspronklik Pinotage geïgnoreer ten gunste van meer internasionaal erkende kultivars soos: Syrah en Cabernet Sauvignon.

Pinotage ervaar 'n herlewing en kry momentum toe Beyers Truter die Diners Club se wyn-van-die-jaar-prys wen in 1987. Beyers Truter is tans die die eienaar van Beyerskloof en word gereken as die: Koning van Pinotage. Die ABSA-Top 10 Pinotage-toekennings dra by tot bemarking van en erkenning aan Pinotage produseerders.

Volgens die Suid-Afrikaanse Wynbedryfinligting en -stelsels (Sawis) behoort 36.8% van die totale aanplantings in Suid-Afrika aan rooiwyn-druifsoorte, waarvan Cabernet Sauvignon die meeste geplant word (11%), gevvolg deur Shiraz (10.3%), Pinotage (7.4%) en Merlot (5.8%).

Die toekoms van Pinotage is belowend met inisiatiewe om dit te meng in 'n groot verskeidenheid style, van gladde drinkwyn en rosé tot vat-verouderde wyn wat vir die kelder bestem is. Dit word ook gemeng om 'n gefortifiseerde Portwyn-styl te skep, en selfs 'n rooi vonkelwyn. Die nuutste en vinniggroeende neiging is die vervaardiging van koffie-gestileerde Pinotage.

Na die inligtingsessie het ons almal heerlik met ons geheime wynproe-oefening (bottels word elk in 'n papiersak verseël) begin met baie interessante uitslae m.b.t. die "Beste Pinotage" vir die aand.

### Groep 1 se gunstelinge was:

1. Bosman
2. Van Loveren
3. Robertson

### Groep 2

1. Tall Horse
2. Jakkalsvlei
3. KWV

### Groep 3

1. Van Loveren
2. Namaqua
3. Chocaholic

Die uitslae lei tot groot debatte (veral omtrent Tall Horse en Namaqua) en heerlike geselskap na die tyd.

Ons smul aan die eetgoed, gesels "slim" oor die uitslae en deel stories en ervarings aangaande wyn- en wynlangoed besoek.

Nogmaals 'n suksesvolle en insiggende aand met die fokus op uitbreiding van vrienksapsbande.

Sluit gerus by ons volgende wyn-aand op 1 Junie.

**Gerhard Pretorius**

Indien jy op die wynvriende whatsapp groep geplaas wil word, of vir meer inligting, stuur jou naam en selfoonnummer vir Alida (071 609 6705). Daar is ongeveer 6 wyn-aande per jaar en ledegeld beloop R100.00 per persoon per jaar.  
Sosiale Belangegroep

## ‘n Kosmopolitaanse kat

By die Waterfront Holiday Inn in Kaapstad, sien ek die ander dag ‘n vreemde katgesig. Ek kyk en ek kyk weer en weer, ek kan my eie oë nie glo nie. Só ‘n kat het ek nog nooit gesien nie, dit lyk of sy nou net van die salon af kom en of sy haar hare

in vyf verskillende kleure “ge-highlight” het. Dit is ligbruin, rooi, swart, donkerbruin en wit strepies. Daar en dan besluit ek sy is verteenwoordigend van die kosmopolitaanse mensemassa wat kom en gaan by die Waterfronthotel in Kaapstad.



Drie weke lank hou ek en die kosmopolitaanse kat mekaar dop. Soms gaan ek nader om te kyk of sy werkelik ‘n kat is. Eendag gaan sit ek langs haar en begin met haar gesels. Sy wil niets weet nie, staan bloot op en stap stywe been stert in die lug weg. ‘n Dag of drie verder waag ek dit weer. Hierdie keer sit ek doodstil en probeer na so ‘n rukkie, om haar te streeel, maar al wat ek kry, is ‘n vuil kyk. Ek krap seker haar haardos om?

Nadat ek goed nagedink het oor die kosmopolitiese kat, tref dit my meteens dat sy aangepas het by haar omgewing; nie eers haar snaakse voorkoms trek die aandag van die malende toeriste nie. Sy ken nie ‘n omgee-verhouding, wat uit liefde bestaan nie. Is dit nie ook maar kenmerkend van ons tyd nie? Meeste mense is so besig met hul eie sake dat hulle nie regtig meer weet wat stil word, omgee, deernis en liefde vir mekaar is nie.

Die kosmopolitiese kat ken nie die stem van iemand spesiaals wat vir haar omgee nie. Sy het nooit die koesterende stem, van iemand aan wie sy behoort, leer ken nie. Sy is ‘n hotelkat, sy woon daar en sy ontvang kos en sy slaap snags in die ingangsportaal van die hotel.

Genadiglik behoort ons as mensekinders aan ‘n Hemelse Herder. Hy soek na ons, ons is spesiaal vir Hom. Die vraag is: Ken ons nog die Herder en hoor ons? Sy stem as Hy die goedheid en liefde wat Hy bied met ons wil deel?

Dit is die gebed van my hart dat almal in die kosmopolitiese samelewing, waarin ons woon, opnuut sal nadink oor die stem van die enigste lewendmakende Herder en daarop sal antwoord. Die koers van jou lewe is in die hand van ‘n gedagte.

**‘n Kosmopolitaanse kat.**



## Manne van die Woord

Ons het deur April beweeg en die genade van God weereens ervaar in werk en lewenswandel. Die manne van die Woord was weer bedrywig en ons samekomste op Donderdae-oggende, om 06:00, was goed bygewoon. Daar was onder andere gesels en gefokus op die Paastyd, die lydingsweg van Jesus is behandel asook die laaste Pasga/ eerste Nagmaal. Daar is soveel om te bespreek rondom die besonderse onderwerpe, dat ons gewoonlik uit tyd uit geraak het. Ons het as groep ook op die Donderdag voor Paasnaweek Nagmaal bedien en dit was baie geseënd.

Ons nooi weer alle belangstellendes om by ons aan te sluit en ons besprekings nog meer interessant te maak. Ons as groep behoort aan geen denominasies nie en is net ‘n groep mense wat saam om die Woord van God bymekaar kom. Omdat die genade van God so prominent in almal se lewens sigbaar is, is dit ‘n groot dryfveer vir die byeenkomste. Dit spoor ons ook aan om die grootste van alle boodskappe uit te dra naamlik: Die Opstanding van Jesus Christus uit die dood.

Baie dankie aan die groep. Sien julle weer volgende maand!

Groete

MVW



## Boererate

“Don’t try this at home...!”

### Vir Oë (blou oog):

As jy jou gestamp het, sit dadelik ‘n stukkie rou, vars vleis op die stampplek!

### Vir miere en vlieë:

Sit ‘n piercing met asyn so eenkant op die stoof neer. Miere en vlieë verdwyn soos mis voor die son!

### Vir Migraine-hoofpyn:

Pluk 7 groot Stinkolieboomblare. Bedek jou hoof daarmee. Bind kop toe met ‘n kopdoek. Gaan lê in ‘n donker kamer met toe oë totdat die hoofpyn verdwyn.



# UIT DIE HEV KANTOOR

Hierdie maand het Christene oor die wêreld heen Paasfees gevier. Die Passiespele is opgevoer en die Laaste Maal is gedenk. Daar is egter ook in 'n kommersiële samelewing 'n oormaat van blink toegedraaide Paasfees-koopgoed dog met 'n mooi betekenis aan kinders oorgedra. Dr Hannes Els (NG-kerk Kroonstad-Suid) help om ons te herinner aan 'n paar van die algemeenste simbole van Paasfees. Daar is eerstens die Paaslam. Die Israeliete het in Egipte die bloed van lammers aan deurkosyne geverf om die doodsgengel by die volk van God te laat verbygaan en in die Nuwe Testament word na Jesus as die Lam van God verwys, wie se bloed ons sou reinig.

Ons glo dat elkeen op Negester met die mildelike reëerval, hierdie Paasfees op sy/haar unieke manier herdenk en gevier het.

Die afgelope maand was relatief stil rakende sake in die HEV-kantoor afgesien van die reëlings en gesprekvoerig op Direksievlek rondom die Spesiale Algemene Vergadering.

Op die terrein self is die werkspan besig om grondersie aan te spreek nadat daar hoe reënvalslyfers aangeteken is. Die heining is ook opgrader ten einde elke inwoner se veiligheid te verseker.

Soos altyd, kom ons praat saam oor kwessies soos wat dit gebruik geraak het met die hou van inligtingssessies.

Groete

Thinus, Laetitia en Johan

## *SoTerlops...*

“Wil jy weet hoe om te **bid**? Hier is die geheim: Bid, bid, bid. Daar is eenvoudig geen kitskursus nie.”  
(John Laidlaw)

### 'n Spoerwegman se gebed.

'n Ou spoerwegman was op 'n byeenkoms gevra om te bid. Hy het vir 'n oomblik geaarsel en toe eerbiedig met 'n bewende stem gebid:

“O, Here, noudat ek die vlag gestryk het, bid ek U, neem my voete van die ruwe spoerbaan af en plaas hulle veilig bo-op die trein van redding.

Laat wysheid my handlamp wees en die Bybel my hooflig. Laat die trein gekoppel wees met die sterk skakel van liefde.

Hemelse Vader, hou alle wissels gesluit wat na sylne uitdraai, veral die wat lei na die doodloopspoor. Laat elke sinjaal langs die spoor die witlig van hoop vertoon sodat ek die lewensreis kan aflê sonder om stil te hou.

Here, laat die tien gebooie my rooster wees.

Vader, wanneer ek die reis volgens roostertyd afgelê het en in die groot donker stasie van die dood ingetrek het, mag die Superintendent van die Heelal sê: “Mooi so, goeie en getroue dienaar, kom teken die betaalstaat en ontvang jou loon van ewige geluksaligheid. Amen.” (Gebed: Christelike Uitgewersmaatskappy.)

Soms dink ons, dat om in gebed met die Vader te wees, het ons hoe woorde nodig. Hierdie man het bloot op ervaring uit sy beroep staatgemaak. **So** 'n gebed is nie “lippe-taal” nie, maar “harts-taal.”

**Gusta**

# **‘n Boodskap uit die landgoedkantoor**



In so bietjie liger luim.

So rukkie terug loop ons, ek en my seun, die veld in om gras langs die heining te gaan sny. Die snyery loop mooi en gelydelik raak dit lekker warm. Hier teen middagte se kant brand die son so kwaai, as ‘n hond ‘n kat jaag dan loop altwee.

Ons besluit om so bietjie ‘n lafenis te neem en so effe te rus. So gesê so gedaan. Na ‘n biltong broodjie neem ek toe stelling in teen ‘n vaalboom om gou te ontspan. In die skaduwee van die vaalbos raak ek toe effens weg en my keps gly stadig oor die oë...

‘n Kriewel maak my weer bewus van die wêreld rondom my en ek besef alles is nie heeltemal pluis nie. Stadig loer ek onder die keps uit en daar onder my linker knie sien ek ‘n koppie verrys. Die twee geel ogies staar na my soos Medusa in ‘n Disney film. Die volgende oomblik skiet die klein tongetjie uit, dit lyk soos ‘n bedrewe braaier met sy braaitang... Dit ruk my terug na die werklikheid en ek voel ek verlaat myself, die “lamgeit” spoel oor my... Jy moet nou verstaan ‘n befoeterde slang, tussen ‘n man se bene, gaan nie mooi af net so na ‘n russie nie. Die tweede keer wat daai pofadder daai tong loop swaai voel ek myself verrys teen die vaalboom uit, die linker been amper hier agter my linker oor ingehaak en die regterbeen wat reguit skop soos ‘n mannetjie volstruis in broeityd; die keps bly net waar hy is so in die middel van nêrens nie.

Met die opstyg vang my oog die groot tak bokant my. Die beeld van splinters tussen my tande en bas in die hare vlieg voor my geestesoog verby. Gelukkig mis ek die tak net-net en tref hom so op die skouer, met die gevolg dat dit net blare in die gesig is. Die hele proses beëindig toe die opwaartse beweging... nou mens, moet jy weet is die volgende aksie weer afwaarts.... Jip, daar waar die poffie nog lê. Gelukkig is die arme ding so verward soos ‘n gans wat in die weerlig gekyk het. Ek kyk af na daar waar ek myself verlaat het en soek trapplek, want die geel ding onder my, het mos nou kwansuis ‘n area waar hy kan bykom. My voete maal in die lug soos klein propellertjies, maar ek gaan nêrens... net af.. daar waar ek nog vir myself wag. Die regtervoet vat gelukkig eerste grond en ek vlieg vorentoe so tussen ‘n sekelbos en rosyntjiebos in, gat oor kop en dis net blare, klippe en spoeg met die vorentoe beur. Die arms en hande kom heeltemal te laat by en my ken is die algemene vervoer apparaat ... ongelukkig besef die bene dit nog nie en eers na so vyf tree stop die aandrywing.

Ek kry uiteindelik my arms terug en skiet regop in ‘n beweging wat ‘n olimpiese atleet sal laat goed voel. Alles is nog so lam, met die proses om te bepaal waar die poffie homself nou bevind... en sowaar as vet die knaap lê onder my keps.

Nou, jare later, wonder ek nog steeds of die keps daar onder die vaalbos lê.

Groete

*Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)*

## **JUKSKEI**



Die afgelope 2 maande is daar baie jukskei gespeel. Daar was uitnodigings na: Die Oog-, Shammah- en Naboom-klubs. Weereens het die Negester spelers, met baie goeie spel, goed gevaar. Hou in gedagte dat van die spanne waarteen ons speel, geaffilieerde lede van klubs is. Hierdie klubs neem ook deel binne hul eie provinsies en dan ook te Kroonstad, waar groot toernooie gespeel word.

In jukskei word daar in 3 afdelings meegegeding: Die Protea aanspraakmakers is natuurlik A afdeling. Daarna volg afdeling B vir die wat aan die A afdeling se deur klop. Sosiale klubs, waarin ons van Negester onsself bevind, is afdeling C, wat dan ook die meeste spelers saam groepeer.

Vir Negester se markdag van 21 Mei word daar ook ‘n Negester ope-dag beplan. Sover gaan ons probeer om 24 spanne teen mekaar te laat meeding. Almal hoofsaaklik in die C afdeling. Spelers vanuit Gauteng en Noordwes is al gewaarsku om die datum oop te hou. Inwoners moet asseblief daardie dag kom kyk, want hulle sal met goeie Jukskei getrakteer word.

Kom geniet die gesellige samesyn elkeoggend om 7:30. Daar is net een manier om die spel te leer en dit is om te kom saamspeel.

Jukskei groete.



# CHEF ON CALL

## DESSERTS

- \* LEMON MERINQUE - R130
- \* APPLE CRUMBLE - R105
- BAKED BLUEBERRY CHEESECAKE - R170
- BAKED STRAWBERRY CHEESECAKE - R170
- PLAIN BAKED CHEESECAKE - R155
- CHOCOLATE CARAMEL CAKE - R100
- CARROT CAKE - R90
- \* RED VELVET CAKE - R110
- FRUIT CAKE - R170
- RED VELVET CUPCAKES (X6) - R35
- CARROT CUPCAKES (X6) - R45
- CHOCOLATE CUPCAKES (X6) - R42
- BLACK FOREST CUPCAKES (X6) - R70
- PEPPERMINT CRISP TART - R120
- MILK TART-R50
- CHOCOLATE BROWNIES(X8) - R50
- JAM TARTS(X8) - R40
- LEPELSTEELTJIES(X16) - R40
- HERTZOGGIES(X8) - R45
- BUTTERMILK RUSKS(450g) - R45
- BRAN RUSKS(450g) - R45
- MUESLI & PECAN RUSKS(450g) - R60
- GINGER BISCUITS(450g) - R40
- CHOC CHIP COOKIES(450g) - R50
- SMELT COOKIES(450g) - R45

## **CHEF ON CALL**

*Order & Deliveries:  
ELMA - 061 493 7419*

## PIZZA

- BBQ CHICKEN & PEPPADEW PIZZA - R55  
(tomato base, bbq chicken & peppadew with creamy mozzarella)
- MEXICANA PIZZA R55  
(bolognese mince & jalapenos with creamy mozzarella)
- MARGHERITA PIZZA R40  
(tomato base, olive oil, oregano, garlic and mozzarella)
- HAWAIIAN PIZZA R50  
(tomato base, ham and pineapple with creamy mozzarella)

## CONVENIENT FOODS

- CHICKEN SCHNITZEL (1KG) R95
- CHICKEN STRIPS (500g) R45
- RUMP HAMBURGER PATTIES (4 X 160G) R80
- PEPPERSTEAK PIES (X4) R80
- CHICKEN PIES (X4) R80
- CHICKEN LIVERS R45
- CREAMY RUMP PASTA SAUCE (350g) R60
- CREAMY RUMP PASTA SAUCE (700g) R110
- VETKOEK (6) R30

## SIDE DISHES

- BASMATI RICE L-R45 M-R30 S-R20
- GREEN BEANS M-R40 S-R25
- HUBBARD PUMPKIN M-R30 S-R20
- CREAMED SPINACH M-R55 S-R35
- MASHED POTATOES M-R40S-R25
- BUTTERNUT AND SWEETCORN M-R45 S-R30
- SWEET POTATOES M-R45 S-R30

## SOUP

- BUTTERNUT SOUP (700g) R35
- BUTTERNUT SOUP (1.5kg) R60

## MAIN MEALS

- BEEF LASAGNE L-R135 M-R100 S-R55  
(layers of lasagne, cheese sauce and beef mince topped with cheese)
- CHICKEN LASAGNE L-R135 M-R100 S-55  
(layers of lasagne, cheese sauce and chicken topped with cheese)
- CHICKEN PIE L-125 M-R90 S-R45  
(roast chicken in a creamy mushroom and bacon sauce with puff pastry)
- BEEF PIE L-R145 M-R105 S-R50  
(filled with tender beef in a rich gravy sauce)
- BOLOGNAISE L-R135 M-R95 S-R55  
(beef mince with tomato sauce- only meat)
- BEEF STROGANOFF L-R200 M-R130 S-R70  
(beef strips in a creamy gravy sauce)
- CHICKEN ALA KING L-R125 M-R85 S-R50  
(chicken in a creamy sauce with mushrooms and onions)
- BOBOTIEL-L-R115 M-R80 S-R45  
(traditional cape malay bobotie)
- COTTAGE PIE L-R120 M-R90 S-R55  
(beef mince with carrots and onions with creamy potato topping)
- CHICKEN KORMA L-R105 M-R75 S-R45  
(marinated chicken breast pieces in a creamy coconut and masala sauce)
- BUTTER CHICKEN L-R105 M-R75 S-R45  
(marinated chicken breast pieces in a creamy cashew nut sauce)
- CHILLI CON CARNE L-R170 M-R110 S-R60  
(mildly spiced mexican stew)
- MEATBALLS & PASTA SAUCE L-R125 M-R90 S-R50  
(meatballs and tomato pasta sauce)
- MINCE CURRY L-R130 M-R80 S-R45  
(mildly spiced beef mince with carrot & potato)

*Order & Deliveries  
ELMA 061 493 7419*

## STOKPERDJIES

Marietjie Rademan

“My kind jy raak nie aan enige gevvaarlike wapen nie, en ‘n naald is só ‘n gevvaarlike wapen”. Dit was my ma se woorde aan my. Sy natuurlik, het die mooiste naaldwerk gedoen.

Ek is Marietjie Rademan. Ek doen die brei-en-hekelwerk-ding.

My breiery het op ‘n snaakse manier gekom. Kom ek vertel... My oudste broer se vrou brei die mooiste artikels waaraan jy kan dink. As kind was ek baie lief vir haar, my tannie Kleintjie. As nege jarige dogtertjie het ek my verstom aan haar talent en my dogtertjedroom was om ook te kon doen soos sy. Sy was ±35 jaar oud... met natuurlik ‘n groot ouderdomsgaping tussen my en haar.

Ek vra toe dat sy my ook asseblief sal wys hoe om te hekel, wat sy gewillig toe doen. Ek is vandaar terug na my huis, want ek weet ek kan dit doen en tannie het dit so maklik laat lyk, in elk geval. By my huis was dit voorwaar ‘n ander storie en ek kry dit glad nie reg nie.

Tannie Kleintjie het dit glad nie verstaan nie. Ek was hartseer en het gehuil oor dit wat sy vir my gesê het. ‘n Groot dapperheid het my beetgepak en met ‘n: “Ek sal haar wys!”, het die self-probeer ‘n motivering geword. My pure parmantige houding het my toe gehelp en vele jare later het ek haar toe kon help, wanneer sy nie verder geweet het met die brei-en-hekelgoete nie.



Skooltrui met die hand brei, was ‘n groot uitdaging wat ek aangepak het en suksesvol uitgevoer het, vir ‘n skool. Later het ek ‘n breimasjien present gekry en so het die stokperdjie van krag tot krag gegroei. Nog later, met die moderne patronen en motiewe, is ek met my voorraad na skoue en vlooimarkte. Ek lief dit om ‘n kind met ‘n mooi trui aan te trek. Vir sewe jaar lank het dié my baie besig gehou, vanaf Woensdae tot Saterdae, soms ook Sondae. Van Vanderbijlpark tot in die Vrystaat bly ek in ons karavaan, my stalljetjie.

Hoe klink: “Honderd truike per maand gebrei, plus ekstra bestellings en drie breimasjiene waarop gebrei word!”?

Interessant verby: In 1978 brei ek my eerste manstrui... ‘n grote... en ek verkoop dit teen ‘n stywe bedrag van R10.00.

By Negester brei ek sommer net vir die liefde daarvan, wanneer ek wil, wat ek wil, as ek wil. My voorliefde is kinderspeelgoed soos byvoorbeeld: speelballe, Piet-Muis, Sus en Daan, Liewe Heksie, Maya by, en baie ander.



Hoe lekker om dan ook te sit en droom terwyl ek brei. Liewe Heksie wat toe ewe antwoord: “Oeee Blommie, ek is so pienk soos ‘n lolliepop!” (Die bestelling: brei asb. ‘n heksie met pienk, Marietjie. Toe brei ek pienk.)

Onlangs kom buurvrou aanklop met ‘n sak vol breiwerk. Ek loer en wys vir ander buurvrou... toe weet ek hier kom ‘n ding! Met patronen in die hand begin ek toe brei: Die figure wat die geboorte van die “Jesus-toneel” uitbeeld. En nou? Bestellings!

In 2018 het ek besluit om ‘n hekelkombersie-projek aan te pak. My doelwit is om 44 kombersies te hekel, een kombers wat elke getroude jaar verteenwoordig tot en met 2 Mei 2019. Simbolies was dit vir my, om dankbaarheid te betoon vir 44 genade- en liefdesjare van getroude lewe saam met Chris. Ek het net-net my doelwit gehaal, bygesê. Die kombersies het ek geskenk aan my kerk en hul het dit versprei na ‘n tehuis vir bejaardes in Potgietersrus (Mokopane).

So van Chris gesprok, hy is natuurlik: "Tweede in bevel". Hy gee hulp en raad en maak planne om die figure te maak staan. Natuurlik buig en knip hy draadjies, help klippies optel, saag en werskaf om my droom te ondersteun.

Sou jy nou inloer, of kom krap vir 'n geskenkie vir 'n kleinding, jy is welkom! Ons deur staan oop. Ek is ook steeds by markdae betrokke en hoop om jou by die stalletjie te sien by ons eie Negestermarkdag of dalk elders.

Ek lees ook graag. Nie soetsappige stories nie, maar my leesvoorklare is: Rillers, Spanningsverhale, Speurverhale. My gunsteling outeure is onder ander: Jefferey Deaver, Stephan King, Dean Koontz, David Baldacci.

Al my boeke word met plastiek oorgetrek vir veilige bêre. Hoeveel het ek gelees? Twee duisend, en ek het hulle nog almal.

NS. Ek dink my liewe Ma én tannie Kleintjie sou vreeslik trots wees op my...

Geniet jou stokperdjie!

Brei- en hekelgroete.

Marietjie.



## NOODNOMMERS

<b>Ambulansdiens Life 24</b>	<b>082 040 5003</b>
<b>Brandweer</b>	<b>014 736 8000</b>
<b>Polisiediens</b>	<b>072 839 5587</b>
<b>HD Elektries (Dirk)</b>	<b>083 660 0319</b>
<b>Loodgieter (Eric)</b>	<b>083 281 7789</b>
<b>Suster Delia</b>	<b>082 494 2717</b>
<b>Landgoedbestuurder (Dawie)</b>	<b>071 734 3618</b>
<b>Hospitale</b>	
<b>Phodiclinic (Noodgevalle)</b>	<b>014 736 2310</b>
<b>Provinsiale hospitaal</b>	<b>014 736 7300</b>

Dankie!

**9' e sterre neem deel in Sterrelig!!!**

Dankie vir al die artikels wat reeds ontvang is. Artikels word geplaas soos wat spasie beskikbaar is.



Om te adverteer in Sterrelig:

E-pos vir Nellie Buitendag:

[goempieb@gmail.com](mailto:goempieb@gmail.com)

# Vars gedruk...



Paasnaweek is verby, maar het jy by die kruis stilgestaan? Die mense skreeu: "Kruisig Hom!" of het jy stil tussen die ander vroue eenkant gesit en ween? "Die hand wat die spykers ingeslaan het", deur J Fletcher Ray, is hier ter sprake. Dis 'n drama, 'n hartseer maar opregte verhaal. Hoeveel daarvan waar is weet ek nie, want ons was nie daar nie. Die boek is geskryf oor die een besonderse persoon wat die spykers moes vat en in die Here se hande moes inslaan. Dink jy hy wou dit doen? Dink jy hy was die een wat hom verraai het? Lees gerus die pragtige boek om die antwoord te kry. Ek vra weer: "Het jy by die kruis stilgestaan of aanbeweeg na die oop graf?". Sien jou by die biblioteek.

Groete van my stoep na jou stoep.

*Carol Vosloo*



Doves Begrafnisdienste is 'n gevestigde ondernemer en bestaan reeds mees as 100 jaar. Daarom kan ons met vrymoedigheid sê.  
"Ons ken die bedryf"

Doves bied 'n verskeidenheid van dienste :

- Volledige Begrafnis
- Volledige Verassing
- Grafstene
- Polisse
- Kapel Fasilitet
- Verwydering en stoer van oorledene
- Lang afstand Vervoer
- Repatriasie
- Balsem van Liggaaam
- Opgrawing en Herbegrawe

Begrafnisse of verassings sluit in :

- Kis
- Uitvoer van diens by kerk en graf
- Reël van doodsertifikaat en registrasie by Binnelandse Sake
- Reël van Blomme
- Skakel met Predikant of Pastoor

Eksels, Christo Stander is reeds 26jaar in die bedryf en kan u behulpsaam wees met enige navrae. Vra gerus die vroeë wat u al lankal kwel.

Seën vir u en u familie  
Christo Stander  
Bestuurder  
Doves Modimolle en Bela Bela  
072 280 4564

*'n Persoon besoek iemand in die gevangenis.  
Besoeker: "En waarom is jy hier meneer?"  
Gevangene: "Dis omdat die deure gesluit is."*



# S O R G S E N T R U M

## GESONDHEIDSORG NUUS

Die inwoners wat Dr Janet Strauss van Medwell se praatjie oor Demensie en Alzheimer bygewoon het, sal haar onthou as n dinamiese en kundige spreker. Sy het in die onlangse verlede ook n praatjie gelewer oor die gebruik van medikasie deur ouerwordende persone en het goedgunstig toegestem dat die inhoud van daardie praatjie in die Sterrelig gepubliseer mag word. Vervolg...

### Algemene newe-effekte wat voorkom agv geneesmiddels in die ouer persoon is:

Lewensbedreigende harttokesisiteit met hartmedikasie

Maagsere (peptiese ulkusse) agv pynmedikasie

Motorongelukke agv sedeer- en slaapmiddels

Heupfrakte agv slaappille

Geestesversteurings (geheueverlies, demensie) wat veroorsaak word of vererger word agv geneesmiddels

Bewegingsstoornisse (parkinsonisme) agv psigiatriese middels en anti-hypertensieve middels

Antistolmedikasie wat bloedingsneigings verhoog

Verslaving aan slaappille



Om geneesmiddelbestuur vlot te laat verloop, is dit belangrik om self ook verantwoordelikheid te neem en aktief deel te neem aan die proses.

Maak 'n lys van al die geneesmiddels wat u neem, so ook die vitamienes, minerale en al die middels wat u gereeld oor die toonbank van die apieek bekom (OTC, Over The Counter). Hou die lysie byderhand in u beursie. Dit is belangrik vir u dokter om alles in ag te neem, veral met geneesmiddelinteraksies in gedagte.

Moet nooit 'n dosering mis sodat die voorskrif "langer" hou nie, geneesmiddeltoedieningskedes is geskoei op farmakodinamika (wat die middel met jou liggaam doen/effek) van middels en is 'n wetenskap op sy eie.

Vul u voorskrif betyds sodat u geen dosering mis nie.

Moenie middels uitruil of aanbied vir iemand wat vir dieselfde siekte behandel word nie, daar is 'n rede waarom die dokter dalk opsie A vir jou gekies het en opsie B vir die ander persoon.

Lig u dokter in as daar enige verandering gemaak is (staking van middels of ander middels wat voorgeskryf is deur 'n spesialis).

Soos ons ouer word, is die neem van geneesmiddels ongelukkig onvermydelik. Handhaaf 'n gesonde leefstyl, oefen en eet gesond. Doen alles wat jy kan, om verantwoordelik na jou gesondheid om te sien. Voorkoming bly altyd beter as genesing.

Ek vertrou dat almal hierdie inligting leersaam vind.

Groete

Delia Venter

### **Wie kan ek kontak?**

<b>KLINIEK</b>	<b>014-736-3364</b>	<b>014-736-2770</b>
<b>Nood-nommer</b>		<b>072 312 3499</b>
<b>Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)</b>		<b>014-736-2580</b>
<b>GROEPWERK (Annatjie Moore)</b>	<b>014-736-2580</b>	
<b>Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)</b>	<b>014-736-2725</b>	

<b>Maak asseblief afsprake</b>		
<b>Maandae – Vrydae</b>	7h30-9h30	Kliniek
<b>Maandae</b>	7h30-9h30	Voetsorg
<b>Dinsdae</b>	7h30-9h30	Haarsorg
<b>Dinsdae</b>	7h30-9h30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
<b>Vrydae</b>	Middag	Fisioterapeut

**GESONDHEIDSORG MEI**

# KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB



## WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belang omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeuilje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

### ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSpraak REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.  
Voeg aab by u boodskap Negeester.



#### TROTS GEASSOSIEER



Devander House  
298 Stokkiesdraai Str  
Erasmusrand, Pretoria, 0181  
Tel: +27 (0)86 184 3672  
Epos: info@nsb.co.za  
[www.nsb.co.za](http://www.nsb.co.za)  
Volg ons op Facebook en Twitter  
Gemagtigde verskaffer van finansiele dienste, FSP no: 16908

# Kobus en Elma Steyn op die bank met Sandra

In die skadu van 'n groot Maroelaboom kuier ons met 'n koppie koffie en tuisgebakte piesangbrood op die stoep van Kobus en Elma.

Hul is albei boorlinge van Warmbad, was saam in Hoërskool Warmbad en die skoolkys het uitgeloop op 'n huwelik waaruit twee dogters, Karike, betrokke in onderwys en Erika, 'n fisioterapeut gebore is. Albei die dogters is ook met hul skoolkyse getroud, Karike se man is ook in die onderwys en Erika se man hou hom besig met outomatisering in die motorbedryf. Die familie is geseën met vier kleinseuns.



Die lewe het wye draaie geloop vanaf Pretoria verby Secunda en Centurion tot in Negester. Kobus het as ingenieursbeplanner in die IT-omgewing verskeie operasionele stelsels vir onder andere Sasol ontwikkel. Elma het verpleeg en haar loopbaan as boekhoudster by Hoërskool Oosterland afgesluit.

Die twee is baie aktief. Hul hou van reis en kampeer. Natuurlik is die Krugerwildtuin een van hul gunsteling bestemmings.

Elma is 'n kranige stapper, wat ook fietsry, en sy doen graag naaldwerk en verwyl haar tyd met lees.

Kobus se passie is fietsry. Sy fietsry het op 'n Woensdag in Oktober in 'n kantoor begin... kollegas het gesels oor hul komende deelname aan die Argus-fietstoer in die Kaap en hy en sy blinde kollega, 'n slim IT-programmerder, het daar en dan besluit hul gaan ook die Argus aanpak. Saterdag het hul 'n tandem gaan koop en begin oefen... 'n paar weke later ry hul die Drie Berge-wedren in Krugersdorp en kom derde in die tandem afdeling. 'n Week voor die Argus het Kobus sy ribbes gebreek, maar ten spyte daarvan het hy en David die Argus voltooi! Die mooi van die storie is dat dit daartoe gelei het dat David Jones die Afrika kampioen vir getremdes geword het in driekamp.

Kobus is een van die Jaagduiwels van Negester, 'n baie lekker groep om mee saam te ry, wat daagliks vanaf die laaste sirkel in Negester Boulevard wegspring. Die wegspringtye verskil in die winter en die somer: somer 07H00, winter 08H00 en as dit regtig koud word ry hul in die middae. Reëndae ry hul nie - dit is 'n reël... Hul ry tussen 20 en 23 km's per dag, of soos jou eie fiksheid dit toelaat. Maandelikse gemiddeld - 430 km's.

Hul ry twee roetes: As die kapelhek toe is ry hul binne Negester en uit by die hek tot by die R101. As die Kapelhek oop is ry hul tot by Klein-Kariba se hoofhek, dan binne Negester en uit tot by die R101. Die opdraande in Klein-Kariba is nogal 'n uitdaging! Die ryers wat nie grondpad ry nie, sluit dan weer op die gewone roete by hul aan.

Kobus moedig Negesterre aan om by die Jaagduiwels aan te sluit, hoe groter die groep hoe lekkerder. Hul ry nie net altyd hard fiets nie, kry ook tyd vir geselsies tussenin, maak nuwe vriende. Niemand staan onder 'n verpligting om elke dag te ry nie. Nuwe ryers hoef ook nie aan die begin die hele roete saam te ry nie, die ervare ryers sal ook omdraai om jou te kom haal. Daar word nie vir enige iemand weggery nie. Dames is ook welkom, dalk kan met 'n damespan begin word...?

Gaan kuier aan huis by Lekkerbreekstraat 451, of kontak hom gerus by 071 355 3714 as jy meer wil uitvind oor die fietsryers.

Wie weet, dalk begin daar vir jou 'n nuwe avontuur op 'n Maandag op jou fiets in Negester Boulevard.



CARIN BOSHOFF

(071) 612 9129  
(014) 736 2388  
carin@boshoffeiendomme.co.za

Boshoff Eiendomme / Properties spesialiseer in afreleefstyl Landgoed vir 50 plussers

**Boshoff**  
EIENDOMME





# SIMFONIE IN DIE MAANLIG

Anita Brand Howell  
Vervolgverhaal

## Hoofstuk 2

(Mariaan het 'n musiekaand gereël en die ster van die aand het haar behoorlik verkeerd opgevryf van die begin, maar ook haar knië laat lam word. Wat gaan die aand oplewer?

(Lees self verder)

Mariaan wag vir stilte na die applous toe sy op die verhoog staan.

"Dames en Here, baie welkom aan elkeen van u en baie dankie vir u ondersteuning. Sonder u sou hierdie aand nie kon plaasvind nie. Dankie aan ons pianis van die aand, Mark Hanekom. Dankie vir u bereidwilligheid om op te tree. Ons sien uit na u uitvoering. Dames en Here, Mark Hanekom!"

Onder luide toejuicing neem hy voor die vleuel-klavier plaas en begin die konsert met Klavier-konsert no. 20 in D.Moll van Mozart.

Vasgevang deur sy vertolking, haal Mariaan skaars asem.

Dan vang haar oog die blondekop meisietjie skuins voor haar. Sy voel die irritasie wat soos skuurpapier aan haar skuur elke keer as die meisietjie met haar hande bokant haar kop klap en vir Mark toejuig. Een keer hoor sy haar selfs sê: "Speel hy nie meesterlik nie, Ouma," So! Hulle verhouding is ernstig, want sy noem haar al ouma. Maar hy nooi my vir koffie soos 'n wafferse vrygesel. Die swernoot!

Mariaan sit met gemengde gevoelens deur die res van die konsert. Die een oomblik vasgevang en betower deur Mark se uitvoering en die volgende oomblik diep ongelukkig en gesteurd oor die ongevraagde afguns jeens die jong blonde meisie skuins voor haar. Te gou is die konsert verby en as Mark voor die staande applous buig, met Mariaan entoesiasties deel daarvan, haal sy vir die eerste keer normaal asem.

Verwonderd kom sy agter dat haar hele liggaam bewe.

Terwyl hy op die verhoog, vir die derde keer, voor die steeds staande gehoor buig, besef sy met skok dat hierdie man besig is om haar hele rustige bestaan te bedreig. Sy is nie bestand teen die aantrekingskrag wat hy uitstraal nie.

Hy is 'n uitsonderlik aantreklike man met sterk gelaatstrekke.

Deurdringende grysblou oë en 'n sterk sensuele mond wat gedurig lag. Sy swart hare, effens lank, maar nie slordig nie, skitterblink in die skerp lig. Hy is lank, amper 'n halwe meter langer as sy. Sy aandpak pas perfek en as sy onthou hoe nommerspas sy jeans was, kry sy opnuut hartkloppings. Ek tree nes 'n tiener op wat nie mans gewoond is nie, dink sy verward en vies.

Ek glo dit nie! Mariaan staar geskok en sprakeloos na die petalje wat hom voor haar afspeel. Die blonde meisietjie het voorwaar op die verhoog gespring en is besig om hom voor die hele skare te omhels en hartstogtelik te soen! Skaamteloos! Woedend en kopskuddend draai sy haar rug op die petalje en besluit om haar assistent tussen die skare op te spoor. Dit gee my ten minste iets anders om te doen, as om te aanskou hoe die twee op die verhoog mekaar verorber!

Die mense vertrek die een na die ander en heel gou is die tuin verlate. Net die sterre en die maan en die musiek wat in haar kop bly maal herinner aan die Soirée wat verby is. Haar kop klop in haar slape en sy weet instinktief sy sal nooit vannag 'n oog toemaak nie. Nie met soveel emosies wat hier binne haar woel nie.

Met die Soirée verby is Mariaan op pad na die karavaan om vir Mark sy tjek te neem toe sy vir ouma Kit en die blonde meisie by die karavaan sien uitkom. Sy wil nog omdraai, maar ouma Kit het haar reeds gesien en wink haar nader. Stadig stap sy nader en staal haarself vir die ontmoeting.

"Baie geluk hartjie. Dit was sommer nou 'n deftige storie die. Ek wed jou julle het sommer baie geld gemaak vir daai kindersaal. En daai kind van my.

O, het hy nie pragtig gespeel nie? Ek het jou mos gesê jy sal nooit spyt wees nie. Ek wil jou ook sommer voorstel aan Lucinda, my kleindogter. Cindy, dis nou die doktertjie wat ek jou van vertel het."

"O, hi dokter, Ouma praat gedurig van jou." Lucinda is vriendelik en 'n pragtige meisie met haar helder blou oë, merk Mariaan.

"Hallo Lucinda," groet sy met gemengde gevoelens. Dalk verligting? Ek moet simpel wees. Hier het ek nou wraggies amper 'n totale gek van myself gemaak en dit omdat daar 'n ander meisie by hom is. Nee kyk, iets is nie heeltemal pluis met my nie, dink sy verward.

“Maar dan loop ons maar. Jy het nog seker baie om te doen. Nag hartjie en dankie vir die lekker aand,” hoor sy ouma Kit groet.

“Nag tannie en dankie vir jou aandeel. Nag Lucinda,” groet sy en kyk hulle vir ‘n rukkie agterna voordat sy omdraai en verder stap na die karaavaan. Ek beter myself regruk, maan sy haarsel.

Sy klop liggies. Kalmeer jouself, berispe sy haarsel terwyl sy wag dat Mark die deur moet oopmaak.

Die deur gaan oop en ‘n glimlaggende Mark groet vriendelik en opgewek. Kan niks hierdie man ooit steur nie, wonder sy terwyl sy vir hom die koevert met sy tjeuk oorhandig.

“Sal jy nou asseblief saam met my gaan koffie drink?” hoor sy hom smekend vra.

Ek wonder of dit wys sal wees, dink sy verward.

“Ek dink nie dis ‘n goeie idee nie. Dit is al laat en jy is seker moeg,” antwoord sy ontwykend en voel hoedat haar wange gloei.

“Ek belowe om nie in jou geselskap aan die slaap te raak nie en ek sal ook nie vervelig wees nie,” terg hy glimlaggend.

Besluiteloos staar sy na hom. Haar hart in haar keel. Ek behoort myself te skaam vir al my skel gedagtes van vroëer, berispe sy haarsel.

“Mariaan, hallo. Kom drink asseblief saam met my koffie,” vra hy nou meer ernstig terwyl hy haar een hand neem en liggies daaroor streef.

Skokgolve vloeい deur haar en sy voel hoedat sy onbeheers van binne begin bewe. Ongelooflik. Wat is besig om met my te gebeur? Sy moet hom net eenvoudig weer sien.

Dan knik sy “Goed dan,” en voel hoedat haar wange weer gloei. Ek het geen beheer daaroor nie. Nes ‘n verdekselse tiener, dink sy verleë.

Hulle spreek af om mekaar later by die restaurant te ontmoet.

Heelwat later, met die finale opruiming in die bekwarende hande van haar assistent, is Mariaan uitendelik oppad terug dorp toe.

In die dorp ry sy reguit na die restaurant waar hulle afgespreek het om te ontmoet.

Mariaan hou voor die restaurant stil. As sy die motordeur sluit merk sy dat haar hande nog steeds liggies bewe.

In die restaurant kyk sy verbaas rond. Daar is min mense en geen teken van Mark nie. Sy gaan sit by ‘n tafel half in die hoek en bestel koffie toe die kelner sy opwagting maak.

Sy kyk op haar horlosie. Verdeksels, waar is die man dan?

“Haai doktertjie,” groet Groot Buks Wille, die eienaар van die restaurant vriendelik en sit haar koffie voor haar neer. “Hier was dit maar stil, want almal was mos by jou konsert. Hoe was julle aand toe?”, verneem Buks met sy hande in sy sye.

“Hallo Teddiebeer. Dit het baie goed gegaan dankie. ‘n Groot sukses sou ek sê,” sy glimlag vriendelik. Hierdie groot man ken sy uit haar kinderdeae en hy was altyd haar beskermheer. Wou altyd almal nek omdraai wat haar net ‘n skewe kyk gegee het.

“En daai klavierspeler, die seun van tant Kit, hoe speel die mannetjie?”

Mariaan kyk weer op haar horlosie. Dit is al wraggig ‘n halfuur wat ek vir hom wag!

“Hy speel goed, maar dit is ook al wat hy goed kan doen. Hopeloos met tyd. Kan geen afspraak betyds nakom nie. Hy het my genooi vir koffie en hier sit ek ‘n halfuur en wag”. Sy probeer lag, maar slaag nie heeltemal daarin nie.”

Mariaan sluk nog ‘n teug koffie en sit die koppie neer. Sy vat haar handsak en plaas die R20 noot op die tafel en staan op.

Dan dring die klavierspel tot haar deur en sy hoor ‘n diep tenoor stem wat ‘Lady in red’ sing en sak terug in haar stoel.

Vervolg:

En nou wat nou?

### KOPKRAP

Nee wat, Negesterre, dit lyk my laas maand se kopkrap sommetjie was bokant almal se vuurmaakplek! En dit vir ‘n eenvoudige optelsom – geen wiskunde nie.

Beskou dit as ‘n uitdaging. Werk die probleempie uit en bel my op 082-9540305 of interkom 014 -736-2886 Henk Kruger. Hiers hy weer:

GERALD

+ DONALD

= ROBERT Gegee T= 0, D = 5 en verder verteenwoordig elke letter ‘n syfer. Onthou, geen wiskundige formules nie - net ‘n eenvoudige optelsom.

Kry nou die syferwaardes van elke letter met blote logiese redenasie.



# Hannelie de Beer

## Fisioterapie

(Praktyk nommer: 961906)

**Bekwame Fisio in Nylstroom en Warmbad**

**Ervare terapeut met oor 15 jaar werksondervinding  
in Suid Afrika en Australië**

*In Nylstroom reg oorkant rolbalbane  
en in*

*Warmbad langs Natspat Swem akademie!*

*Doen ook Tuisbesoeke by Negester Dinsdae en  
Donderdae!*

Kontak gerus **078 426 9685** vir enige navrae.

[hdebeerphysio@gmail.com](mailto:hdebeerphysio@gmail.com)

**"Kom maak jou eie..."**

Die uitnodiging gaan uit na vier vriendinne in Negester:

"Môre! Ek sien uit na Saterdag!  
Kom saam..."

Dit is toe Saterdag, 2 April. Hulle gaan saam. Toe is ons vyf op pad in een voertuig, 'n grote (ha-haaa). Dit lyk komplet van ons vakansie gaan hou, gerat vir hierdie kuns-kuier-klas by "Die Lady se Suitcase".

Ons haal uit: chippies, doopsous, soutkoekies, 'n sak lappe, google idees, prentjies op papier, en... en... en.

Sandra verduidelik en ons val weg met die maak van ons KRUISE. Jy doen soos jy lekker kry met die kunstenaarshand van Sandra om almal te help. Ons ruil idees, help mekaar, praat, lag ÉN beplan ons kuns-kruise. Dis lekker jolig en almal geniet, of jy nou kan of nie kan nie, dis heerlik om saam te kuier en sommer net jou kreatiwiteit vrye teuels te gee.

"Haai kyk myne!" – "Oeps, help asb?" – "Probeer hierdie!" – "Wow, dis beautiful!".

Ons geniet die lekker dag, die samesyn, die pret, die gawe van menswees in 'n soms deurmekaanderstebo-sombere-wêreld.

Koffie, tee, sap, bobotie, mengelslaai het ons saam om een tafel gesit en geniet... hoe dankbaar vir dit wat ons kies om te geniet. Die eindprodukte: "Stunning!", en

ons is met nuwe woema begeester.

Volgende keer wanneer jy die uitnodiging sien: "Môre! Ek sien uit na Saterdag! Kom saam..." hoop ek dat jy reg sal staan met 'n kreatiewe, positiewe: "Ja"!

Slegte nuus: Jy kan spyt wees dat jy nie deel was nie.

Goeie nuus: Jy kry weer en weer en weer 'n geleentheid!

*Gusta*

Alida



Laetitia



Colleen



Mari



Gusta



# NEGESTER SE KLEINER VOLK

So `n tyd gelede het dit geblyk dat eekhoringgetalle drasties afgeneem het in ons omgewing en tans is daar min van die diertjies te siene. Wat kan die oorsaak wees? Die onoordeelkundige gebruik van rottegif het vermoedelik vrektes onder eekhorings veroorsaak.

Dit is belangrik dat ons die hele habitat/ekosisteem moet beskerm sodat ons nie deur verkeerde aanwending van gif verdere vrektes van diere soos eekhorings, nagapies of voëls veroorsaak nie. Dit skep net `n vakuum wat weer gevul sal word. Wat dan? Vang en verwyder weer en weer, of sit gedurig gif uit?



Gebruik van gif moet regtig met omsigtigheid aangewend word. Racumin vir knaagdiere (huisplae soos rotte en muise) is omgewingsvriendelik en beskikbaar by supermarkte en koöperasies, **stel slegs binnenshuis** met `n tuisgemaakte gifstasie uit bv roomysbak (sien voorbeeld langsaan)

Gebruik eerder muisvalletjies met harde kaas gesmeer met grondboontjiebotter, as aas. Dit bly nog altyd die beste manier om knaagdierjies te vang. Muisvalletjies en fuike is by die plaaslike NTK-Bela Bela.



Maak gapings langs garage-roldeure toe aan die binnekant sonder om die werking van die deur te belemmer. Hou skuifdeure toe veral vroegaand. Die volgende produk is ook beskikbaar by Midas om op enjins te spreai:

Vir die seël van dakke kontak gerus vir Jaco Meyer (Fitco Roofs 082 572 8113) vir kwotasie. As `n inwoners sien om op `n dak te klim kan dit ook self gedoen word. Vir inligting in die verband skakel gerus met Dawie van Niekerk.

Kolhase is ook deel van Negester en is naglewend; hulle kom na sononder uit en soek teen sonop weer hul skuilplekke op. Hulle eet veral groen gras, blare, lote en stingels. Kolhase se natuurlike vyande op Negester sluit in rooikat, vaalboskat, tierboskat en groter roofvoëls (arend en uile), maar nie muskeljaatkatte nie.



Jy benodig `n roomysbak, klein bakkie om gif in te plaas en `n baksteen.

Die baksteen verseker dat huisdiere dit nie omkeer nie



Arrie

**Kom ons leef saam met ons diere en maak vrede met die feit dat hulle ook `n impak het op ons omgewing.**

## Spreuke uit C.J. Langenhoven...

Loon:

“En verder die boer wat nie saai nie sal nie misoeste kry nie, maar hy sal geen goeie ook kry nie.”

# VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

## ECHEVERIA - GENUS (WOESTYNROOS).

Vandag gaan ons na die Echeveria plante kyk wat uit ongeveer 150 spesies bestaan. Echeverias behoort tot die Crassulaceae- en plakkiefamilie saam met die Aeonium-, Cotyledon-, Crassula-, Kalanchoe-, Sedum- en Tylecodon plante.

### OORSPRONG

Alhoewel die Echeveria plante baie gewild in Suid - Afrika is, is hulle afkomstig van die Amerikaanse lande, veral Meksiko. Die genus is vernoem na die Meksikaanse plantkundige en plantkunstenaar, Atanasio Echeveria wat in die 18e eeu geleef het.



### BESKRYWING

Die mees algemene en opvallendste Echeveria is die kleiner plant met grys blare. Die naam "woestynroos" word waarskynlik gebruik omdat dit 'n droogteplant is met blare wat in 'n rosetvorm gerangskik is. Echeveria plante is meerjarig met simmetriese rosette van vlesige blare. Die blare is wasagtig en is dikwels gekleur in skakerings van grys, rooi en pienk. Alhoewel die blaarvorm oor die algemeen dieselfde is, is daar ook ander interessante vorms.

Die blomme is oranje pienk aan die buitekant, geel binne en verskyn op verskillende tye deur die jaar. Echeverias groei in volson en halfskadu en verkies grond wat maklik dreineer en redelik droog is. Voortplanting geskied deur sylote en blaarstiggies (Vegetatiewe voortplanting). Die Echeveria plante hibridiseer maklik onder mekaar, en sekere ander vetplante, wat positiewe identifikasie soms bemoeilik. Hierdie hibridisering bring mee dat 'n tuinier onverwags 'n nuwe Echeveria hibried in sy tuin kan kry.

Die grys Echeverias is baie gewilde plante om beddings te vul. Hierdie Echeverias is meer treffend in groepe as enkele Echeveria plante. Hulle word dikwels by onthale en ander geleenthede as tafelversiering gebruik. Die groter tipe Echeveria plante is weer gewilde potplante. Die Echeveria pulvinata 'ruby' is waarskynlik die aantreklikste van al die Echeverias. Dit het 'n ietwat struikagtige groeivorm met stewise vertakte stingels. Die blare is smal en gepunt met 'n kenmerkende digte donslaag daarop wat dit 'n fluweelagtige voorkoms gee.



Google "Echeveria" vir nog baie besondere foto's en inligting.

"n Reuse Echeveria.

### ANDER VETPLANT INTERESSANTHEDE.

1. In Afrikaans praat ons van "vetplante" of "sukkulente" terwyl "succulents" in Engels gebruik word. Die woord "sukkulente" of "succulent", is van die Latynse woord "succus" afgelei wat "sap" beteken.
2. Volgens die Feng Shui kuns /bygeloof, sal vetplante in jou huis rykdom, voorspoed, en welvaart bring. Hulle glo vetplante trek positiewe elemente aan wat baie geluk tot jou lewe sal byvoeg. Hierdie bygeloof is waarskynlik die oorsaak dat die kweek en aanhou van vetplante so gewild geraak het in China en tans ook wêreldwyd.
3. Navorsing het bevind dat vetplante soos die Sanseveria (Skoonma se tong) en Aloe vera baie goed doen om die lug in 'n huis te suiwer en toksines (bakterieë) te verwijder.
4. Die kremeretartboom (Adansonia digitata, baobab) is die grootste van alle vetplante in die wêreld en kan soos baie ander vetplante van stingelstiggies gekweek word.

Vriendelike groete van tuin tot tuin.

Cobus Oosthuizen.



Gefasineer deur vetplante: Kontak  
Cobus Oosthuizen 082 789 7835

Echeveria gibbiflora Caronculata



## The Yellow Arrow

(Written by Pierre and Manda Coetzee)

There is a saying: "This too shall pass ... until then fetch wood, carry water, walk the earth." One can only imagine what the real message is behind the saying. One such meaning could be that we should just keep on going, keep on working and walking notwithstanding our circumstances.

Walking is a basic movement keeping us in touch with the earth and ourselves. A 19<sup>th</sup> century American essayist, poet, philosopher, naturalist and historian, Henry David Thoreau, wrote that most of the luxuries and many of the so-called comforts of life are not only not indispensable, but positive hindrances to the elevation of mankind. He says in his book *Walking (Camminare)*, that walking is a self-reflective spiritual act that occurs only when you are away from society, that allows you to learn about who you are, and find aspects of yourself that have been chipped away by society.

The Camino is like that, and does that to you. It requires you to walk, not mindlessly though, and keep on walking notwithstanding your pain and discomfort. Walk with a goal, following a yellow arrow. The yellow arrow becomes your focus, because without it you stand a good chance of getting lost and possibly not getting to Santiago.

This too shall pass...  
Until then,  
fetch wood,  
carry water,  
walk the earth.

In fact, your faith in the yellow arrow, is critical in getting you to Santiago. That is, if you keep on walking ... following the yellow arrow. But sometimes you do not see, or even miss the yellow arrow. Because it's obscured, it is dark, or even when you don't focus on finding the yellow arrow.

One morning very early in our Camino, we were walking and still very excited about our journey to Santiago. Not attuned to the arrows, their patterns and rhythm, and following what we believed to be the correct way, we heard a lady shouting: "Hey! Go to the bridge! You are headed in the wrong direction. The yellow arrow is there!"

Needless to say, she was right.

Another time, a Spanish lady drove past, stopped her car and anxiously came running towards us, and in very broken English suggested (almost pleaded) that we were on the wrong path. "Pilgrims don't walk here!" she said. We knew we were not following the yellow arrows, because we were on our way to our accommodation for the night. But her anxiety was almost tangible. All she wanted to do was to guide us back to the yellow arrows. Fortunately Alfonso from Hope House pacified her, as we would be staying at their house of Hope, friendship and love for the evening. Pilgrims follow the yellow arrow. Locals know that. We knew that.

You should be concerned if you don't see the arrow. Don't keep on walking. Stop, turn back and find the arrow. Listen to the people who know. Any T-junction or split in the road without an arrow should not only confuse you, it should bring you to an abrupt halt! Stop and look around until you find the arrow. It might be some way ahead, covered by shrubs, or even washed away by rain. But find it before you carry on. Life is like that. In life we do have a yellow arrow. It leads us to the Master, our goal. Keep following this arrow, and listen to servants of the Master (like the Spanish lady).

Interestingly, the yellow arrows are visible all over Spain, Portugal, France and other European countries to show us the Way of St James to Santiago (Camino de Santiago), the end destination for pilgrims doing the Camino. For most pilgrims the saying "Ultreia et Suseia" holds true and are prayed when they follow the arrows on the way to Santiago. For most of them the ultimate goal is (and should be) the Master. Even more interestingly, in the New Testament Paul talks about the **Way**, which he initially believed to be a sect. Not true, because Jesus says in John 14:6: "I am the **way**, and the truth, and the life: no one comes unto the Father, but by me."

The yellow arrow in life ... the Bible, the cross and Jesus? The Father our goal? Don't deviate from the yellow arrow. We are pilgrims in this world, busy walking a spiritual walk. We can go further and higher ("Ultreia et Suseia") if we follow the **Way** of the Cross, to the Father. Listen to the voice. No one comes to the Father but by Jesus, our yellow arrow.

While life is happening to us, with its challenges and all, remember this ... "This too shall pass ... until then, have faith in God, shine the Light, follow the arrow, walk the Way."

Some of the yellow arrows we came across on our journey:

### Ultreia et suseia

(A pilgrims prayer)

Every morning we take the path,

Every morning we go further.

Day after day, the road calls us

It is the voice of Compostela.

Go further! Go further! And go higher!

God assist us!

Dirt road and Faith

Ancient way of Europe,

The Milky Way of Charlemagne

This is the way all my pilgrims.

Go further! Go further! And go higher!

God assist us!

And while there at the end of the continent,

Santiago waits ahead,

Always his fixed smile

The sun dies in Finistère.

Go further! Go further! And go higher!

God assist us!

**At the Cathedral in Porto (Our starting point)**



**2.4km to go to Santiago**



**The destination – 0.0km**



**Hooorraayy!! Compostela**



**Pierre and Manda did the Portuguès Camino in September 2018.**

## **STRAATMANEWALES**

### **Njalastraat kuier saam**

Donderdag 10 Maart was heerlike kuiertyd vir die inwoners van Njalastraat. Gelukkig is die straat geseen met 'n doodloopstraat/cull de sac en groot braaisirkel. 'n Verdere bonus is Derek, ons inwonende platejoggie, wat vir uitstekende musiek gesorg het. Die meeste inwoners was beskikbaar



en dié wat dit nie kon maak nie was iewers met vakansie. 'n Groot gooiby-mekaar slaai en braaibroodjies het die vleise gekomplementeer met natuurlik 'n drinkdingetjie uit glas. Onder die gebed het een van ons naguitjies luidkeels saam dank betuig en het stilte oor Negester gesak terwyl almal heerlik saam gekuier het. Hier bly hartsmense!

Des

# LEER KEN VIR...

## Suzette Janse van Rensburg

**Verjaardag:** 20 Februarie.

**Jou verloofde se naam:** Derek van Heerden.

**Kinders:** Elzette.

**Pos by Negester:** Administratiewe Klerk.

**Beskryf jouself:** Altyd dieselfde, diep, met 'n sagte hart.

**Gunsteling kleur:** Navy en pienk.

**Gunsteling sportsoort:** Pluimbal.

**Sportheld:** Percy Montgomery.

**Gunsteling kosgereg:** Boontjiebredie.

**Gunsteling nagereg:** Koekstruif (Trifle).

**Gunsteling Outeur:** Sarah du Pisanie (Lees nie baie nie).

**Wat is jou stokperdjies:** Naaldwerk, tuinmaak.

**Waarheen gaan jy/julle graag vir 'n wegbreak?** Fish Eagle Bay Resort Bela-Bela.

**Noem twee dinge wat jy nog wil doen, wat op jou "bucket list" is:** (1) Ek sal graag 'n "Wit Kersfees" in Switserland wil beleef (2) Om te vlieg in 'n warm-lugballon.

**Wat maak jou hartseer?** Onregverdigheid.

**Wat maak jou gelukkig?** Liefde, omgee, verdraagsaamheid.

**Kies een woord:**

**Kos:** Warm

**Seisoen:** Winter

**Ry:** Vinnig

**Vakansie:** See

**Persoonlikheid:** Introvert



**Regstelling uitgawe Maart 2022:**

Yolanda het net 2 kinders: Bianca en Willem

## NOU...

### Afrikaanse spreuke en uitdrukkings

**nou toe**

Bende van kardoes.

Betekenis:

Afrikaans: 'n Rowersbende, 'n rumoerige byeenkoms.

Engels: A gang of robbers, a bear garden.



**...Lag ... traan ...**  
Die redaksie van Sterrelig  
is bly saam met die  
inwoners en personeel met  
wie dit voorspoedig gaan.  
Ons harte gaan uit na die  
mense wat tans in nood  
verkeer.

# Sekuriteit

## Noodplan oefening



### MAYDAY, MAYDAY! IS JY TOEGERUS VIR 'N NOODGEVAL?



Die woord 'Mayday' is in die 1920's geskep toe Frederick Stanley Mockford die voorstel gemaak het van 'n uitdrukking wat in noodsituasies by Croydon-lughawe in Londen gebruik moet word. Die uitdrukking May Day is afgelei van die Franse "m'aider", wat beteken "**Help my**". Van daar af het dit 'n wyd erkende oproep vir noodreaksie geword.

Die vraag is: Is ek toegerus vir 'n noodgeval hier by Negester?

'n Noodgeval kan beskryf word as ENIGE situasie of voorval wat 'n risiko inhoud vir my gesondheid, lewe, eiendom en of my omgewing.

Negester se veiligheidstrategie het ten doel om alle moontlike gebeure te identifiseer en voorsorgmaatreëls te tref ter voorkoming van dreigemente of om die dreigemente te kan bestuur. Die Noodplan is een sodanige instrument ter uitvoering van ons mandaat.

'n Noodplan is geformuleer in oorleg met verskeie rolspelers en is 'n geïntegreerde plan wat inwoners en alle nooddienste insluit.

Sodanige plan het slegs waarde as dit verstaan en uitgevoer word.

Ons is baie dankbaar dat ons as Negesterinwoners ons eerste Noodplan oefening kon doen op Maandag 28 Maart 2022. Ons gaan voort met opvolgoefening en poog om met elke oefening te verbeter. Die feit dat dit n beheerde oefening was, het ons die geleentheid gegee om terugvoer te kry van deelnemers wat ons in staat stel om te verbeter. Die groot getal inwoners wat aktief deelgeneem het en die positiewe gesindheid is voorwaar iets om op trots te wees. DANKIE Negester!



Algemene wenke vir ontruiming van 'n woonhuis in 'n noodsituasie:

Pak die volgende vooraf geïdentifiseerde items in 'n tas of houer wat vinnig verwyder kan word.

- Die voorgeskrewe Negester mediese inligtingsvorm.
- Oorspronklike registrasiedokumente van al die voertuie.
- Vuurwapenlisensies.
- Voorskrifte vir chroniese medisyne.
- Identiteitsdokumente en paspoorte.
- Kaarte vir bank, rybewys, mediese fonds, ens.
- Eksterne hardeskyf en/of geheuestokkie met alle persoonlike data.
- Indien moontlik: Ou foto's en ander waardevolle persoonlike items.
- Gebruik diskresie met jul troeteldiere.

**Ontruim die woonhuis met alle inwoners (insluitend persone met COVID), troeteldiere en die tas of houer en beweeg na die versamelpunte.**

**Nood- en Veiligheidsbelangsgroep.**

## KOM NEEM DEEL

### SPORT/ONTSPANNING

Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45				Manne bid-uur	
7:30 - 9:30	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
8:00 – 9:00	Biokinetika	Pilates		Biokinetika	Pilates
10:00 – 11:00	Lyndans				Lyndans
14:00 – 16:00		Naaldwerk			
15:00 – 15:30		Wateraerobics	Wateraerobics	Wateraerobics	
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	

## Rooibos Street Visits Beautiful Thaba Thula Lodge

28-31<sup>st</sup> March 2022



Set amongst towering tamboti, majestic camelthorn, marula, leadwood, combretum, wild seringa, karee and other indigenous lush bushveld species, nestles the serene and luxurious Thaba Thula Lodge. The Lodge borders onto the western side of the Roodekoppies dam and the reserve is graced by various rocky outcrops and hills.

As guests of the indomitable Koos and Grieta Venter, a group of Rooibos Street residents spent a glorious four days in the bushveld. From the moment of arrival, we were overwhelmed by the tranquility and beauty of this gem. Amidst much laughter, fine dining, bird watching

and game drives, we experienced the bushveld at its very best.

Grieta, with her calm and resolute demeanor, organized the meals, catering and running of the lodge, ably assisted by Maria, the cheerful camp assistant.

Koos shared his passion for the wildlife as well as his enthusiasm for nature conservation and all environmental sustainability aspects. Game drives into the pristine indigenous bush, had us spellbound with the wildlife - giraffe, Njala, kudu, waterbuck, impala and the magnificent sable and roan antelope. Buffalo are kept in a secure 400ha camp, to enable guests to walk, run or cycle in total freedom and security, on the rest of the 1200ha farm.



Koos observed that the sable antelope in South Africa were in a sad condition, due to inbreeding and lack of genetic biodiversity. In November 1999 he obtained permits to import sable from Zambia and introduced them into the South African wildlife arena. From the sales of these beautiful animals, he purchased roan and buffalo, which were incorporated into Thaba.

The birding enthusiasts in our group reveled in the great variety of avian and identified 105 of the species, to add to their life lists.

The **Lapa/Conference area boasts** a separate lounge with Wi-Fi, DSTV, dining, as well as a fully equipped kitchen for bigger groups. The main house also has a separate dining room, lounge area with DSTV, as well as a fully equipped kitchen.



The lodge is surrounded by lush lawns and indigenous bush. The pool area is bordered by a small stream that links the two Thaba Thula dams. The lodge is securely, yet discreetly, fenced and provides roving security at night.

The units are protected by alarms, a beam system and

panic buttons that are linked to an on-site reaction force.

Sadly, the time passed so quickly but we left enchanted by the wonderful experience. We wish to thank Koos and Grieta for their expansive and generous gesture.

Article submitted by Virginia Thomas on behalf of the grateful Rooibos residents.



## Blokraaisel

Dwars

1 Johann Heydenrych en Wessel Joubert het na die reuse Kiepersol in \_\_\_\_\_ gaan kyk.

4



5 "Aibohphobia" is a word that refers to a fear of what?

10 Hierdie aktiwiteit vind Donderdae tussen 15:00 en 17:00 plaas.

12 Meer as vyf geneesmiddels word per dag geneem.

Af

2 Die plante bestaan uit twee geswolle blarelobbe, wat horisontaal plat aan die bokant is en onder die grondoppervlak saamgegroei is tot een stam.

3 Yolanda se gunsteling sportsoort?


6 Vervolgheraal deur Anita Brand Howell --- IN DIE MAANLIG.

7 Vir wat help 'n gebraaide krappie en soetolie?

8 Die aangrypende verhaal; "Soos sagte kerslig", deur Elize Parker, speel in die Boland en die \_\_\_\_\_ af.

9 Lena-Marié Lotheringen se stokperdjie.

11 Die \_\_\_\_\_ kan gekontak word deur 014 736 8000 te skakel.



Baie geluk aan ons wunner van blokraai!!



Neem 'n foto van die voltooide blokraai en whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

## Kom krap saam in ons Taalkis...

Eerste, eerste, tweede laaste en bo, bo-op. Hoe nou? In die laaste tyd het ek nogal dikwels gehoor iets moet eerste prioriteit kry. Eerste prioriteit? is mos net so onlogies soos tweede laaste. Waar eindig jy as jy tweede laaste is? Na die een wat laaste is, maar dan is jy mos laaste-laaste. Nee, jy eindig voorlaaste. Jy sit ook nie die koppie neer bo-op die bokant van die tafel nie. Lets soos eerste prioriteit word pleonasmes genome: (Gr. *pleo*> meer, eerste) ook toutologie (opeenhoping). Jy gebruik meer woorde as wat nodig is

om dieselfde ding te verduidelik. Dus: prioriteit beteken eerste. Wat is 'n mede-kollega? Nee, hy/sy is net 'n kollega of 'n mede-professionele persoon. Nog een: ongenaakbaar beteken kan nie genader word nie. Ongenadig beteken sonder genade. Dus: die warm son is ongenadig, maar die hovaardige mens is ongenaakbaar.

Sela.

Henk Kruger

## Tong in die kies . . .



Oom Karel vertel toe hy daar in die diep platteland vir sy tweede jaar in standerd vier was hou die skoolinspekteur op 'n dag met sy perdekar voor die skool onder die blinkbaar stil. Hy groet die skoolhoof en stap toe sommer by die juffrou se klaskamer in. Hy groet die kinders en begin terstond met sy vrae. "Wie het Jerigo se mure laat val?". Doodse stilte. Hy vra weer. "Wie het Jerigo se mure omgegooi?". Grootoog kyk al die kinders vir die kwaai meneer. Net toe hy weer begin met: "Wie..?" tik iemand van agter af aan sy arm. "Meneer", sê die juffrou. "Ek kan jou verseker nie een van hierdie kinders het mure omgegooi nie. Hulle is almal ordentlike kinders en sal nie sulke kattekwaad aanvang soos om mure om te gooie nie". "O, goed juffrou". sê hy en stap om na die hoof se klas toe. Hy vertel vir die hoof wat in die juffrou se klas gebeur het. "Meneer", sê die hoof. "Ek ken daardie kinders en ek ken ook hulle ouers. Ek het vir party van die ouers self hier skool gehou en ek kan jou verseker, nie een van hulle sal mure omgooi nie, want hulle weet hoe gevaelik dit is, want die mure kan mos op ander kinders val". "Ja, goed meneer", sê die inspekteur. "Ek sal 'n rekwasie deurstuur na die departement en vra dat hulle op volgende jaar se begroting voorsiening maak vir herstelwerk aan Jerigo se mure." "En", sê die hoof. "Vra ook asseblief hulle moet dit op die lys vir herstelwerk sit dat die werk so gou as moontlik gedoen word."

Oom Karel se Vrind.

Henk Kruger

## Voël Van Die Maand

Rooiborsduifie  
Eng: Laughing Dove  
*Spilopelia senegalensis*

Kom ons kyk hierdie maand na een van die mees algemene voëls op Negester. Hierdie outjie kom baie wydverspreid voor en is oral in Suid Afrika te sien. Hy is so aanpasbaar dat hy in bykans elke habitat van die semi-droë Karoo tot in die subtropiese kusstreke van Kwazulu Natal voorkom. Hy vermy egter die droë woestyn gedeeltes van Suider-Afrika.

Hy is nie bang vir mense nie en word dikwels op stadsypaadjes, tuinpaadjies en in tuine aangetref. Sy [Engelse](#) naam *Laughing dove*, kom van sy sage borrelende roepnoot wat soos iemand wat lag klink.



Rooiborsduifie

Die Rooiborsduifie word maklik uitgeken aan sy kaneelkleurige bors en rug en swart spikkels in die nek area. Die blougrys vlerke is kenmerkend. Hy is kleiner as die gewone tortelduif en kan maklik daarvan onderskei word deur die afwesigheid van 'n swart ring oor die nek. Die wyfie is kleiner en effens lichter van kleur en die jonges ook heelwat valer.

Sy dieët bestaan hoofsaaklik uit saad, maar sal ook broodkrummels, mieliepap en ander soortgelyke kos eet. Soek meestal in oop gebiede soos grasperke kos, dikwels in die geselskap van ander voëls.

Hulle verdedig hulle gebied redelik aggressief en jaag mekaar gedurig rond en klap mekaar met die vlerke.

Hulle broei regdeur die jaar, maar die piek van die broeiseisoen is van Augustus tot aan die einde van Desember. Die nessie is maar 'n ledelam affère in 'n boom of struik wat maklik in 'n storm in die slag bly. In stede sal hulle ook op die lysies van geboue broei. Daar word gewoonlik 2 eiers gelê wat in 12 tot 16 dae uitbroei. Wanneer die mannetjie 'n wyfie die hof maak pof hy sy nek- en borsvere uit en beweeg sy lyf open-af.

Bonne geraadpleeg:

Wikipedia

Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe  
Sappi Birds of South Africa

Jan van Biljon

# Boombrokkies

Ons het in die vorige Sterrelig gelees van die reuse kiepersol in Magoebaskloof. Almal weet seker hoe 'n kiepersol lyk, maar wat minder bekend is, is dat die Waterberge met 'n endemiese soort, die waterbergkiepersol (*Cussonia transvaalensis*), spog. Drie ander kiepersolsoorte kom ook hier voor, nl. die gewone kiepersol (*C. spicata*), die hoëveldkiepersol (*C. paniculata*) en die rotskiepersol (*C. natalensis*).

As mens op die grondpaaie van die Waterberge rondry is dit maklik om die waterbergkiepersol van ver af aan sy blou- tot grysgroen blare te herken. Dit groei gewoonlik op klipriwwe van kwartsiet of sandsteen.

Die geswolle wortels word glo geskil en rou geëet en die sagte, ligte hout is vroeër vir remblokke van waens gebruik.

Die kiepersol is 'n baie aantreklike tuinplant maar vanweë sy aggressiewe wortels moet dit nie naby geboue geplant word nie. Die kiepersol op die foto groei in die tuin van die van Niekerks, no. 406, waar dit alreeds 'n mooi vertoning maak.



*Leonora*

## Jan se skuld

Vandag, 370 jaar gelede, het Jan van Riebeeck op 6 April 1652 aan die voet van Tabelberg geland om 'n handelstop te stig. Jan was 1652 net 33 jaar oud.

Uit sy dagboek sien ons Jan was:

1. 'n Doener. Op 6 April skryf hy ons gaan môre die fort begin bou. Nie oormôre, volgende week of later nie. Hy ken nie 'n uitstelkultuur nie. Op 7 April lê hy die vier hoeke van die fort uit. Op 24 April slaap alle bemanning aan wal in hutte. Veertien dae nadat hy geland het is die grond bewerk en saai hy die eerste saad. Op 15/5 vra hy die Here 17 vir nog patatranke, vrugte- en sitrusbome. Ses maande later gee hy 'n eerste feesmaaltyd vir skeepsoffisiere van 'n verbygane skip met gebakte hoender, ertjies, spinasie, aspersies en blaarslaai, alles uit sy eie tuin.
2. Hy was 'n fyn waarnemer en strategiese denker.
3. 'n Probleemoplosser wat vele struikelblokke moet oorkom.
4. 'n Entrepreneur wat 'n suksesvolle produksielyn vir internasionale skeepshandel gevestig het.
5. Hy het besef die VOC kan nie vir almal en alles sorg nie en dat sukses sonder eie inisiatief en 'n vry mark onmoontlik is. Binne vyf jaar was die eerste Vryburgers op hulle plase gevestig.

Toe Jan in 1662 die Kaap verlaat was daar 'n suksesvolle nedersetting, fort, hawe, huise, tuine en landerye. Hy het 'n nuwe taal, vaardighede, landbou en die Protestantse godsdiens in die Suidpunt van Afrika geanker. Watter merkwaardige nalatenskap wat steeds 370 jaar later sigbaar is!

Die FAK vier Jan se 370 mylpaal met 'n spesiale Jan Pinotage, Jan Alleman bier en Jan, bielie van die bosveld mampoer. Daarmee saam ook 'n gedenklesing deur Dan Sleigh, 'n kranslegging by Jan en Maria se standbeeld in Adderleystraat, 'n splinternuwe Jan ontdekkingstoer in Kaapstad en n pragtige herdenkingsboek oor Jan se storie.

My ouma is op 6 April 1912 op die sendingstasie Morgenster in Rhodesië gebore. Die lig van die evangelie wat Jan saam met hom gebring het, het toe reeds 2200 kilometer ver in Afrika geskyn.



Bron: Langer D: *Jan van Riebeeck herdenking. Facebook*, 6 April 2022 7:03. Access 6 April 2022

# Markdae weer terug!

Ons kan nou weer begin asemhaal tydens die verslapte Covid19 vlakke.

## Ons beplan 3 Markdae hierdie jaar.

### **21 Mei 2022 "Local is Lekker".**

Hierdie Markdag is vir die Negester Inwoners en uitstallers. En sommer as jy Wit Olifant goed het wat rondlê. 'n Pragtige Teetuin gaan weer in die Klubhuis wees. Na die Markdag, om 15:00, gaan daar 'n bring- en braai wees vir al die inwoners @ R20 pp. Pap/sous/slaai en vure word voorsien. Hou die inwonersgroep dop vir verdere inligting.

### **2 Julie 2022 ('n Lekker warm Wintersmark.)**

Uitstallers van buite. Ons gaan weer buite Negester ook adverteer en 'n groot dag reël.

### **26 November 2022. (Dié groot mark: **Ons Kersmark.**)**

Nader aan die tyd sal ons die inligting deurgee.



Omdat ons nou meer van die terrein mag gebruik vir die Markdae kan ons die uitstallers ook vermeerder. Voortaan sal die gedeelte by die ou HEV saal nie meer gebruik word nie. Van die uitstallers het gevoel hulle was bietjie weggesteek. Wat ons verstaan. Baie dankie vir almal se terugvoer Ek waardeer dit en ek glo die Sosialebelangsgroep ook.

Ons sien baie uit daarna om weer 'n heerlike saamkuier Markdag te hou. Ons doen dit immers vir Negester en dus vir onself.

Markdag groete.

Annatjie



Die CANSA cupcake koffie/tee is gehou op 9 April 2022. 'n Reënerige en trietsige dag, maar dit het nie die inwoners van Negester gestuit om saam te kuier nie. Wat 'n wonderlike oggend! Dit was 'n groot sukses en ons waardeer julle ondersteuning.

Ons sê dankie aan mense soos: Sandra Kemp, wat vir ons die cupcakes gebak het, Tertia du Plessis vir haar groot bydrae en omgee vir ander mense, Johan van Heerden wat ons "uber" was, Laetitia en Des wat hulp verleen het. Dit is 'n wonderlike span en altyd bereid om te help.



Anneké Els, ons nuwe leier van CANSA in ons streek, wat hier was en saam met ons span gewerk het, ten spyte daarvan dat sy om 12:00 eksamen geskryf het. Ons wil vir haar dankie en welkom sê en sterkte met die groot uitdaging. Ansie van Heerden, vorige koördineerder vir die streek, het uitgetree as leier, maar is steeds 'n vrywillige werker. Sterke vir Ansie met haar nuwe werk.

Ons sien uit na 'n volgende kuier saam met die inwoners van Negester, julle is hartsmense.



Nellie